# 24 Februarie 2023 - Lesing 32 - Gawes uit die Hemel - Boek 1 (volledig) - Jakob Lorber

## Hoofstuk 42 - VERJAARSDAG VREDESGROET (19.11.1840) HIM1.210

1] Solank as wat, vir die behoorlike ontvangs van wêreldse weldoeners, al die vloere in die huis nie van die wêreld gereinig is nie, kan Ek nie verskyn aan diegene vir wie die vloer in die eerste plek skoongemaak is nie. Ek benodig ’n eenvoudige vloer van die hart vir My ontvangs. Want Ek is altyd van ganser harte deemoedig en sagter as 'n duif en wag dikwels angstig genoeg, soos 'n swakke kind voor die deur, en sien hoe die trotse wêreld uitgaan en inkom en Ek durf nie in My armoede die kamer binnegaan van sulke mense, wat dikwels so lief is vir prag en praal, en wat wêrelds so majestueus lyk nie.

2] Dan wag Ek solank geduldig treurend, totdat so 'n ophef verby is en die wêreldse vloere ook 'n bietjie besmeer is, waarna Ek dit dan eers beangs kan waag om net skugter binne te gaan en My genadigste wens aan te bied op die geboortedag van een van die siele wat My stilweg net ’n bietjie liefhet.

3] My liewe kind, luister! Sou jy My as jou eerste gelukwenser wil hê, was eers die vloer en vee die vertrek skoon waar Ek moet binnegaan, en kyk dan eers na die vloer van jou huis vir die gepaste ontvangs van die wêreld.. Want sekerlik moet die Vader die eerste Een wees met wie die kinders moet rekening hou, en hulle moet Hom eerste verwag in die heilige erns van die liefde en vandaar in lewende geloof en volle vertroue.

4] Want kyk, wanneer 'n pragtige maagd onder vier oë tot haar, bo alles liefdevolle, minnaar sê: "Ek het jou onuitspreeklik lief!" - maar wanneer haar oë syne ontmoet in die hoë sosiale kringe van die wêreld, gluur sy hom ergerlik aan, en dit pas haar nou nie dat hy haar uit grote liefde daarheen gevolg het nie; sal die minnaar nou vind dat in so 'n geselskap sy geliefde hom nouliks ’n minsame blik gun. Wat dink jy hoe voel, by so ’n geleentheid, die eerlike, getroue minnaar in sy vurige liefhebbende hart? Ek sê vir jou, hy sal uitermatig treurig en uiteindelik ergerlik word. En dit kan die meisie duur te staan kom, alvorens sy hom weer teruggewen het. En sou sy dit verskeie kere doen, dan sal sy hom kwalik weer kan terugwen.

5] Kyk, as ‘n wêreldse minnaar, wat meer dood as lewend is, so iets sou doen, kan jy jou goed voorstel dat Ek, as die mees eerlike en getroue minnaar, wat die oneindige, ewige Lewe Self is, met byna soortgelyke waarnemings, in julle geval, nie heeltemal ongestoord na jou kan en durf kyk as jy dan en wan, onbesorg oor My, met die wêreld saamloop en aan jou eie ook nie behoorlik die smal weg na My hart wys nie.

6] Jy wil net hê dat Ek voortdurend na jou toe moet kom. Maar Ek sê vir julle dat dit een en dieselfde weg is van My na julle. So, na duisend van My besoeke aan jou, kon jy reeds in alle erns in jou hart een of selfs twee besoeke gedoen het aan My, jou Vader!

7] Kyk, Ek was gekrenk dat jy hierdie keer so laat na My verlang het! Die wêreldse minnaar kan nie in die hart van sy geliefde sien nie. Maar Ek sien joune, en aangesien dit eerlik gebly het, kom Ek nou weer na jou toe. - Ontvang My, sodat Ek jou ook in My groot genade kan ontvang!

8] Dit is die groot begeerte van die ewig Heilige Vader, wie Ek is, jou dierbare JaHshua, en terselfdertyd die wedergeboorte en die ewige lewe. Amen.

## Hofstuk 43 - VERJAARDAG GELUKWENSE (30.11.1840) HIM1.229

1] Ek laat die volgende deur die kneg aan jou sê, My baie bereidwillige vriend, Andr.H.-"Willig", aangesien Ek jou bereidheid beproef het!

2] Mense wens mekaar wedersyds allerlei soorte geluk toe, maar dit bly gewoonlik by die wense na wêreldse dinge, want dit berus nie op 'n ware begeerte na die liefde nie, **maar het slegs 'n blinde, wêreldse gewoonte as grondslag.**

3] Dikwels wens die een die ander (as dit nog goed gaan) heel ordentlik die "beste" toe - in die volle oortuiging dat, van al die wense, niks in vervulling sal gaan nie. En by al hulle wensery, is daar dikwels nie eens 'n sonstoffie se erns wat uit die wil van die ware liefde spruit nie - om nie eens te dink aan die hoflike gelukwense wat deur middel van daardie klein stukkies gedrukte papier geskied, en wat julle "geskenkkaartjies" noem nie.

4] Sou jy vra waarom daar nooit iets suksesvol uit sulke wense kom nie, dan sê Ek: Omdat die willose wens niks anders is as **‘n huigelagtige, vleiende hoflikheid van die koue wêreldse verstand**, en dus ‘n blote leuen en absurde dwaasheid.

5] Hoe is die mens tog ’n groter dwaas, wat tot 'n klip spreek en sê: "Verander in goud!" En kyk, so 'n dwaas sou maar klein wees in vergelyking met 'n gelukwenser wat sy vriend 'n "duisend lewensjare" toewens, terwyl hy nie sy lewe selfs met een tikkie kan verleng nie en, ten tweede, hom dikwels, teen die volgende dag, graag onder die aarde wil sien, om daardeur iets te baat. En so is daar baie wat jou “geluk en seëninge” toewens, maar in sy hart is hy vol toorn. Of wat “gesondheid en vrolike dae” toewens, maar dikwels skaars die enigste Gewer daarvan by die Naam ken. Of is daar uiteindelik iemand anders wat sê: "Ek wens jou toe wat jy vir jouself wens!" - Weet hierdie gelukwenser dan ook of alles goed is wat hy die mense in sy selfliefde toewens! En so wens die wêreld homself gedurig geluk met onsinnighede in sy duistere leegheid!

6] Maar luister, dit sal nie netso met julle wees nie! - In plaas van sulke dwaashede, sal My vriende mekaar wedersyds vra, in My Naam vol liefde in hulle harte: "Broer, as jy My bystand iewers in iets benodig, vertel

My dit openlik, en Ek sal jou ondersteun na die beste van My krag en My vermoëns!" Moenie sê: "As jy wil!", maar sê dat jy dit nodig het, tot eer van God en die welsyn van jou gees!

7] En as jou broer dit aan jou bevestig het, doen dit dan om liefdeswil, sonder versuim, en so sal jy die hart van jou broer verkwik. En Ek, jou Vader, sal Vreugde hê oor so 'n daadwerklike gelukwensing.

8] En sou jy iemand gelukwens, wens arm mense geluk wat hulpbehoewend is, en so sal Ek ook jou ander gelukwensinge, wat jy moet verrig, om vir die wêreld geen oorlas te wees nie, beskou met genadige, toegeeflike oë.

9] En so tree in die hart, in plaas van die leë wense, die volle, kragtige wil op, en in plaas van die geluk-wensing, die suiwer, onbaatsugtige liefde. Eers dan sal jy volkome mens wees volgens My Wil, dit wat My oneindige Liefde vir julle is!

10] Kyk, jy het reeds so baie gedoen wat My welgevallig is, en derhalwe het Ek jou reeds 'n nuwe naam gegee, wat in die groot Boek van die Lewe opgeteken is. En hierdie naam is 'n Geskenk aan jou op die dag van jou geboorte (in aardse vlees) as die naam van jou nuwe geboorte (in gees)! Maar doen alles wat gesê word, en so sal jy spoedig die groot Vreugde van die Wedergeboorte beleef!

11] Jy sien, dit is die aard van My Gelukwensing! Ek "begeer" niks nie, maar wat Ek wil hê of liefhet, gee Ek, of laat dit gebeur. Wat sou gebeur as Ek jou die lewe toewens en dit net so as 'n wens daar laat? Nee, Ek sal nie (bloot) wens nie, maar EK WIL, en só leef julle!

12] Maar daar word gesê dat julle volmaak moet wees soos julle Vader in die hemel volmaak is. Wel, doen julle dan ook soos Ek, julle Vader, dit wil en self doen! Sou julle nie kan doen wat Ek doen in die oneindige nie, doen dit nogtans in die kleine! Dan sal jy wees soos 'n klein sirkel, wat in al sy onbeduidendheid tog volkome ooreenstem met die groot Sirkel van My Oneindige Wese.